

Graan SA Weeklikse Oliesade Mark Kommentaar

	DATUM 2016/10/24	DATUM 2016/10/21			+ - WEEK GELEDE 2016/10/17		+ - MAAND GELEDE 2016/09/26		+ - JAAR GELEDE 2015/10/26	
	Data	Δ	Δ%	Data	Δ%	Data	Δ%	Data	Δ%	Data
	Brent (\$/b)	51.59	0.35	↑ 0.7%	51.24	↓ -0.6%	51.88	↑ 9.3%	47.22	↑ 8.9%
US\$: ? ZAR	13.95	-0.07	-0.5%	14.02	↓ -2.6%	14.32	↑ 2.7%	13.58	↑ 2.1%	13.66
ΔCBOT 8vm : 12nm*	R 1,933.12	-4	-0.2%	R 1,937.30	* CBOT Dec sent/skepel +08:00 vandag vs CBOT Mielies Dec +12:00 die vorige dag					
ΔCBOT 8vm : 12nm*	R 2,122.06	-26	-1.2%	R 2,148.16	*CBOT Dec sent/skepel +08:00 vandag vs CBOT Koring Dec +12:00 die vorige dag					
ΔCBOT 8vm : 12nm*	R 5,038.61	0	0.0%	R 5,038.14	*CBOT Nov sent/skepel +08:00 vandag vs CBOT Soy Nov +12:00 die vorige dag					
Jongste CBOT prysy tydens oornagverhandeling (Aangeteken tussen 06:00 - 07:00 vm teenoor 12:00 vm die vorige verhandelingsdag)										
Corn Spot	352.00	1.00	↑ 3.0%	351.00	↓ -1%	354.00	↑ 7%	329.00	↓ -11%	393.50
Wheat Spot	414.00	-3.00	↓ -0.7%	417.00	↓ -2%	423.75	↑ 5%	396.00	↓ -20%	514.75
Soybean Spot	983.00	5.00	↑ 0.5%	978.00	↑ 0%	978.25	↑ 4%	945.25	↑ 11%	884.50
Jongste MTM-prysy (Aangeteken om 12:00 die vorige verhandelingsdag SPOT = naaste kontrakmaand (Rand/ton)										
SORGHUM SPOT	3381	-49.0	↓ -1.4%	3430	↓ -1%	3430	↓ -1%	3400	↑ 11%	3040
WMAZ SPOT	3702	84.0	↑ 2.3%	3618	↑ 8%	3432	↓ -1%	3747	↑ 18%	3138
YMAZ SPOT	3240	5.0	↑ 0.2%	3235	↑ 2%	3191	↑ 7%	3032	↑ 13%	2878
SOY 50 SPOT	6600	-50.0	↓ -0.8%	6650	↑ 0%	6580	↑ 6%	6200	↑ 17%	5620
SUN SPOT	6400	17.0	↑ 0.3%	6383	↑ 1%	6328	↑ 4%	6130	↑ 3%	6241
WHEAT SPOT	4138	37.0	↑ 0.9%	4101	↓ 0%	4148	↓ -1%	4191	↓ -6%	4424
OLIESADE	2016/10/21	Bron: Oilworld			2016/10/14	Feb 2016		Maart 2015		
Soya-oil, Arg.	790				↑ 3%	767	↑ 17%	677	↑ 17%	676
Soya-pell, Arg.	340				↑ 2%	334	↑ 13%	302	↓ -8%	368
Soybean, Brazil	413				↑ 3%	400	↑ 13%	367	↑ 1%	410
USA Runner 40/50	1550				0%	1550	↑ 35%	1150	↑ 19%	1300
Sun-oil, Arg.	780				↑ 2%	765	↑ 4%	748	↓ -3%	800
Sun-oil, Black Sea	775				↑ 2%	760	↓ -1%	785	↑ 3%	750
Sunseed, Black Sea	395				↑ 1%	390	↓ -3%	408	↓ -3%	409
Rapeseed, EU cif	437				↑ 2%	427	↑ 11%	395	↑ 10%	399
Palmk oil Mal, EU	1375				↑ 8%	1275	↑ 39%	988	↑ 33%	1037

JONGSTE MARK INLIGTING TOT 23:00 (RSA TYD) SOOS VERKRY VAN VERSKEIE MARKVERS LAE

Mark: Die rand verhandel rondom R13.95/\$ vanoggend wat sterker is as die R14.02/\$ van Vrydag 12:00. Die rand verhandel relatief stabiel teen hierdie vlakte, maar daar is egter 'n paar gebeurtenisse wat plaasvind hierdie week en wat 'n noemenswaardige impak op die rand kan hê. Die medium termyn begroting deur die minister van finansies wat Woensdag gedoen word sal baie belangrik wees en baie fokus in die ekonomiese sal daarop gerig wees. Beleggers sal ook die Valke se optrede dop hou en enige uitlatings en/of aankondigings teenoor die minister van finansies vir die begroting sal gesien word as politieke taktiek en in 'n negatiewe lig gesien word. Die begrotingsrede sal kritiek wees vir SA wat reeds in 'n baie moeilike ekonomiese situasie sit met die syfers wat nie gunstig lyk nie. Die graderings agentskappe sal ook die medium termyn begroting van Woensdag fyn dophou.

Sojabone: Die VSA het 'n rekord sojaboon oes en dit word geskat dat hy reeds meer as 60% klaar gestroop is. Die oesdruk op die prys is beperk deur die groot globale vraag na VSA sojabone en die wêreld afhanklikheid van die VSA sojabone. Die VSA uitvoere word verwag om rekordvlakke van 45.1 miljoen ton te bereik vanaf September 2016 tot en met Februarie 2017 en dit sal waarskynlik 73% van die wêreld invoer vraag dek gedurende hierdie periode. Met meer as 60% van die VSA oes wat reeds gestroop is sal die fokus meer skuiw vanaf die aanbod kant na die vraag kant wat baie groot is global. Vanaf Maart tot Augustus 2017 sal die wêreld vraag afhanglik wees van die Suid-Amerikaanse aanbod en sal Suid-Amerika vir om en by 81% van die wêreld vraag verantwoordelik wees. Die verwagte Suid-Amerikaanse sojaboon produksie behoort goed te herstel tensypte van die feit dat die Suid-Amerikaanse aanplantings vir die eerste keer 10 jaar verwag word om te daal. Die weersomstandighede in Suid-Amerika is ongunstig vir die aanplantings van sojabone met die droë weersomstandighede in sentrale dele van Brasilië terwyl daar oormaat reën in die suidelike dele van Brasilië en ook in Argentinië wat die aanplantings vertraag. Die sojaboonprys behoort baie sensitief te wees vir veranderinge in die Suid-Amerikaanse produksiekondisies. Sjenna behoort steeds afhanglik te wees van invoere in die 2016/17 seisoen. **Plaaslik:** Groot prys bewegings was gesien in die plaaslike sojaboon mark die afgelope week met die prys wat gemeng verhandel het en baie voltoiliteit getoon het. Die mark prys verhandel steeds sterk bo die afgelêde sojaboon prys en verhandel naby aand die Argentynse invoer pariteitsprys. Die persmarges is ook steeds onder druk en die hoër prys plaas hierdie marge verder onder druk.

Sonneblom Saad: Die sonneblom saad verwerkings het die eerste paar weke van die seisoen goed begin met 'n vinnige wegspring en daar word verwag dat dit die vlakte van die vorige seisoen vinnig verby sal steek. Dit is hoofsaaklik in die CIS lande waar 'n rekord oes aan die kom is en die plaaslike perskapasiteit aansienlik vergroot is en aanhou groei in 2016. Die geskate wêreld sonneblom persings sal waarskynlik rekordvlakke van 11.6 miljoen ton bereik in die kwartaal wat groter is as die rekordvlakke van dieselfde kwartaal verlede jaar. In die EU word daar ook verwag dat die sonneblom verwerkings sal toeneem die laaste twee maande van 2016 as gevolg van beter produksies sowel as minder kompetisie van raapsaad, wat se produksie vir die 3de agtereenvolgende jaar gedaal het in 2016. Die persings van sonneblom saad in ander belangrike sonneblom produserende lande word ook verwag om te styg die seisoen. Die aanplantings van sonneblomme in Argentinië duur steeds voort in sub-optimale toestande en sommige skade word verwag in sekere dele van die oes wat reeds ontwikkel het. Daar kan moontlik 'n afwaaire hersiening van die Argentynse oes te wate wees. In die Oekraïene word die sonneblom oes verwag om meer as die vorige skattung te wees en word verwag om rekordvlakke te bereik met goeie opbrengste wat gerapporteer word. Daar is oormaat reën in sommige gebiede wat die stroop proses kan vertraag, maar die opbrengste is steeds gunstig vir rekord oeste. Die sonneblom produksie in Rusland word ook verwag om rekordvlakke te bereik. **Plaaslik:** Die sonneblomprys het verlede week sterk verhandel en meeste van die dae hoër afgesluit asook die week sterker afgesluit. Die prys het groot bewegings getoon en die prys verhandel teen die invoer pariteitsprys. Die plaaslike prys verhandel ook sterk bo die afgeliede sonneblom prys.

Kanol: Die internasionale prys van kanola en raapsaad het goeie ondersteuning gevind en verhandel hoër vir die eerste 3 weke van Oktober as gevolg van verskeie redes. Die afwaaire aanpassing van die UE raapsaad produksie en die afname in die produsente verkoop het bygedra tot die ondersteuning in die prys. In Kanadese kanola produksie is daar probleme met die kwaliteit en kwantiteit van die kanola oes met nat weer en baie sneeu wat daar geval het. Die wêreld aanbod van raapsaad en kanola word verwag om te daal na 'n 8 jaar laagtepunt in die huidige seisoen. Die wêreld invoere van kanola en raapsaad word verwag om hoog te bly die seisoen. **Plaaslik:** Die plaaslike kanola produksie toestande in die Weskaap lyk gunstig en goeie opbrengste word verwag met die stroop wat eersdaags begin.

Grondbone: Hoë opbrengste in belangrike grondboon produserende streke in Indië wat gerapporteer word sal die Indiese grondboon produksie waarskynlik met 45% laat styg vanaf verlede seisoen. Dit sal die skerp styling in grondbone persings in Indië bevorder asook die uitvoere vanaf Indië. Die skerp daling in die Argentynse aanbod en kwaliteit van die grondbone sal die vraag na grondbone vanaf Indië, die VSA en ander oorspronge bevoordeel. Die VSA se seisoen oes uitvoere was groot en het met 41% gestyg vanaf Oktober 2015 tot en met September 2016. Die huidige VSA stroop proses van grondbone word geskat om 54% voltooi te wees. Dit is beter as die 5 jaar gemiddeld van 47% teen hierdie tyd in die seisoen. Die wêreld grondboon produksie word verwag om 'n rekord van 30 miljoen ton te bereik die seisoen wat 8% hoër is as verlede jaar. **Plaaslik:** Die plaaslike grondboon voorrade is laag as gevolg van lae produksies wat gesien was die jaar. Dit maak SA meer afhanglik van invoere vir die seisoen.

Vir enige navrae, kontak asb: Luan van der Walt, E-pos: luan@grainsa.co.za